



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 13 SEPTEMBER 2020

VYFTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

LEESROOSTERTEKSE VIR DIE WEEK:

EKSODUS 16:2-15
PSALM 105:1-6, 37-45
FILIPPENSE 1:21-30
MATTEUS 20:1-16

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

**Stelselmatige hervatting van aktiwiteite binne die
gemeente**

**Ons doen ook voorbidding vir lidmate wat as gevolg van
COVID-19 finansiële en emosioneel baie swaar kry.**

VAN ALLES EN NOG WAT

1. In lyn met die regering se besluit is alle eredienste en byeenkomste opgeskort tot verdere kennisgewing.
2. Video's van al die preke sedert inperking, is op die webwerf www.ngkeike.co.za beskikbaar. Gaan lees dit gerus of kyk daarna.
3. Ons benodig enige grootte glasflessie of potjie om produkte in te lê. Dit kan Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgegee word.
4. Indien jy enige wol het wat jy kan skenk vir die brei van mussies, truitjies, serpies, ens, kan jy dit op Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgee.

BYBELSTUDIEGROEPE

Die kleiner Bybelstudiegroepe in die gemeente hervat DV die week van 21 September. Lede sal kennis kry hiervan. Wykleiers en dienswerkers gaan ook weer hulle werk begin hervat.

Die Vrouebybelstudie van ds Chris Barnardo kom Woensdag 16 September 2020 om 9:30 bymekaar in die konsistorie.

BYBELS

Tydens Pinkster is die bedrag van R15 545 ontvang. Ons sê weereens baie dankie aan almal wat bygedra het. Soos in die verlede is donasies gemaak aan Die Bybelgenootskap van Suid Afrika en die Gideons. Ons het ook weer Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop om in die gemeenskap te verspei. As jy weet van 'n huishulp, tuinier, karwag, petroljoggie, ens wat graag 'n Bybels sal wil ontvang, kom haal gerus een by die kerkkantoor. Maksimum 2 Bybels per lidmaat

LERAARS – PASTORALE BESOEKE

Beskikbaarheid van die dominees: ons leraars was die hele Grendeltyd telefonies beskikbaar, maar gaan nou ook op afspraak (weereens met al die nodige protokol in plek) beskikbaar wees by 'n gesteriliseerde vertrek in die kerkkompleks. Skakel maar jou dominee as jy hom wil sien, hy sal met die kantoor 'n tyd reël en dan kan julle mekaar daar ontmoet. Ja, ons weet dis effe onpersoonlik, maar dis die beste wat ons nou kan doen!

Kontak die leraars by die volgende nommers:

- Ds Hannes Burger – 021 903 1798
- Ds Chris Barnardo – 021 982 7076
- Ds Johan Morkel – 083 398 8345

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is oop vir lidmate om te besoek. Die kantoorure is Maandag tot Vrydag 8:00 tot 12:00. Die nodige protokolle sal gevolg word (maskers, handreiniging, ens.) en slegs 2 besoekers sal per geleentheid in die kantoor toegelaat word.

GEMEENTENUUS

1. Baie welkom aan Daniel Vlok wie se lidmaatskap ontvang is vanaf Kuilsrivier-Suid.
2. Johan en Mariëtte Roodt (Penhill) het 'n kleinseun ryker geword. Pieter en Shariska Nel is die ouers.
3. Banie Steyn (Klaradyn) gaan die week hospitaal toe vir 'n prosedure.
4. Joan van Schalkwyk (voorheen van Blommeland) is tans in die Immanuel Versorgingsoord in Brackenfell.
5. Corla Gericke (Krisant Singel) ondergaan hierdie week behandeling. Ons bid haar baie sterkte toe.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 13/09 Hester Hill, Lize Smit, Cedric Pretorius
14/09 **Ds. Chris Barnardo**, Japie du Plooy, Leonore Everts, Jandré Gobregts, Joan van Schalkwyk, Willem Steenkamp, Brent Basson
15/09 Danny Williams, John Hayes, Japie Maré, Debbie Esterhuysen, Chris Brink, Lea Viljoen
16/09 Christene Moggee, Renisha Gourrah, Marthinus Gresse, Hanro Papenfus
17/09 Cobus Kruger, Jo-leen Bennett, Heloïse Neethling
18/09 Sonja Barnard, Anita le Roux, Sonja du Plessis, Mattie Joubert, Natasja Kotze
19/09 Betsie Eckley, Johan Norman, Tarah Oosthuizen, Stoffel le Roux, Shirley van der Westhuizen, Dawie de Villiers, Brigitte du Toit

AKSIE SAMARITAAN EN SOPKOMBUIS

Aksie Samaritaan en die Sopkombuis benodig die volgende:

- Weggooibare bakkies met deksels (verkieslik 500ml Joghurt) om sop in te bedien.
- Hulle benodig bakkers en strooiers om op 'n Vrydagoggend vanaf 07:30 tot 12:00 te help pannekoekbak en suiker strooi. Die pannekoek word in Moedergemeente se saal gebak. Kontak vir Jacomina Swart by 082 453 3862.
- Aksie Samaritaan benodig dringend mense wat kan help maskers maak, die materiaal word verskaf.
- **Sopbeurte** vir 17 September 2020:
 - Sybil Smit
 - Rita Harmse
 - Karien Botha
 - Elmari Schwenke-Vd Walt
 - Maranda van der Merwe
 - Wena Janse van Rensburg
 - Dotjie Steyn

AKSIE SAMARITAAN
PANNEKOEK PROJEK

Danksy ons pannekoek deeg is minder van Kuilsrivier se honger magies leeg!

Slegs R5
Vrydae 08h00 - 12h00
NGK Kuilsrivier syaal
in Van Riebeeck weg

Indien u vooraf wil bestel, plaas u bestelling by 073 655 3816 op Donderdae voor 17h00.

Opbrengs ten bate van Aksie Samaritaan se werk onder die haweloses van Kuilsrivier.



EHW SMIT-BEURS

Aansoeke om die bogenoemde beurs word tans ingewag van voornemende, behoeftige studente in teologiese studie wat die goedkeuring van die NG Kerk wegdra en wie se ouers in die landdrosdistrik van Kuilsrivier woonagtig is.

Aansoekvorms is by die kerkkantoor (Moedergemeente) beskikbaar (tel. 021 903 1529).
Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 September 2020.

SPESIALE DOOPGELEENTHEDE

Die kerkraad het tydens die kerkraadsvergadering van 26 Augustus 2020 besluit om op versoek van lidmate, spesiale diens/dienste te reël waartydens doopouers hul babas ten doop kan bring.

Voornemende doopouers word versoek om die kerkkantoor so spoedig moontlik te kontak sodat die nodige vorms voltooi kan word, op datums besluit kan word en reëlings getref kan word. Tyd moet ook ingeruim word om die doopgesprekke af te handel. Dit sal waarskynlik gesamentlike gesprekke wees gelei deur die leraar by die kerkgebou.

Die eerste doopgeleentheid sal wees op Sondag 4 Oktober 2020 en daarna op 18 Oktober 2020.

Maatreëls soos afgekondig in die Staatskoerant van 28 Mei 2020 ten opsigte van godsdienstige byeenkomste, sal steeds geld.

'n Maksimum van 50 persone word in die kerkgebou toegelaat. Met in agneming van die leraar en ander personeellede wat deel is van die aanbieding van die diens, laat dit ons met 'n maksimum van 44 besoekers (doopouers + gaste).

Doopouers word versoek om wanneer hulle aansoek doen, 'n aanduiding te gee van hoeveel familie en vriende die geleentheid gaan bywoon. Daarvolgens sal ons kan bepaal hoeveel babas per diens gedoop kan word. 'n Volledige gastelys moet ook later aan die kerkkantoor verskaf word.

Die saal en kombuisgeriewe is nie beskikbaar vir 'n geselligheid na afloop van die diens nie.

Kontak dus die kerkkantoor so spoedig moontlik by ngkeike@cybersmart.co.za.

DE EIKE SE “DROP & GO” – PROJEK

Dinsdagoggend 15 September 2020, kan jy weer tussen 10:00 en 11:00 jou bydrae tot De Eike se koskas in 'n sakkie op De Eike se parkeerterrein kom aflaai. Piet Rootman en Tim sal daar wees om die voorraad in ontvangs te neem. Lidmate is ook welkom om enige finansiële bydraes te bring, kwitansie sal uitgereik word. Gebruik die motorhek aan die torings se kant. Hierdie reëling bly van toepassing tot verdere kennisgewing.

Maak gebruik van hierdie geleentheid om broers en susters in nood te help. Ons sal die voorraad in die voorraadkamer gaan pak waarna kospakkies opgemaak en volgens behoefte afgelewer sal word.

As jy bewus word van 'n lidmaat in nood moet jy asb. onmiddellik jou wyksleraar of blokleier hieroor inlig. Ons kan nie toelaat dat enigiemand in hierdie tyd van inperking honger ly nie.

Bydraes kan deur die loop van die week ook by die kerkkantoor afgegee word.

Die volgende items word benodig:

- Konfyt of stroop
- Sout en peper
- Kookolie
- Wit en bruin asyn
- Margarien
- Toiletware
 - Shampoo
 - Deodorant
 - Wet wipes
 - Sneesdoekies
- Skoonmaakmiddels
 - Waspoeier
 - Wasgoedseep

Betanddele waar ons voorraad laag is:

- Melk
- Suiker
- Blikkies
 - Ertjies
 - Gemengde groente
 - Mielies
 - Bully Beef
 - Vis in Tamatiesous
- Blatjang
- Tamatiesous
- Skottelgoedseep en ander reinigers

VERGIFNIS: KAN 'N MENS DIT REGKRY? HOE GAAN ONS DIT REGKRY?

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Matteus 18:21-35

INLEIDING

Daar is 'n engel vol boosheid wat ons lewensbestaan bedreig en daardie engel moet verwyder word voordat ons verlam raak, gevul met haat, wrokke, en al daardie dinge wat ons denke vergiftig. Vergifnis trek daardie engel uit ons geheue uit wat dreig om ons vol van daardie gif te pomp. Vanoggend wys Jesus vir ons hoe die engel uitgetrek kan word sodat daardie bese gif nie ons liggame en menswees vernietig nie.

VERGIFNIS IS MOEILIK, TOTDAT JY MET TOTALE OORGAWE IN JESUS SE VOETSPORE LEEF

Het jy werklik vir Jesus lief? Is jy bereid om met totale oorgawe in die voetspore van Jesus te leef? Indien wel, sal jy die Heilige Gees toelaat om jou hele lewe te verander. Niks, geen struikelblok, geen engel vol boosheid, sal sal tussen jou en Jesus staan nie. Jy leef in totale afhanklik van die Here. Die Heilige Gees neem besit van jou en skielik verander jou ingesteldheid. Dan gaan dit nie meer oor die eie ek nie. Dit gaan nie oor my woede, my wrok of my pyn nie. Dit gaan alles oor Christus. Christus wat nie net ons gemors en foute vergeet nie maar ook vergewe. Jy kies om volgens God se wil te leef. Jy kies vir Jesus. En dit is die tweede baken waar ons vanoggend stilhou.

VERGIFNIS IS MOEILIK, MAAR DIT IS GOD SE WIL

Wanneer jy sekerheid het oor jou verhouding met die Here. Wanneer jy kies om in totale oorgawe te leef, kies jy om volgens God se wil te leef. Dan gebeur vergifnis. Maar wanneer ons agterkom dat vergifnis moeilik word en ons al hoe vêrder van God se wil af beweeg, is dit dalk omrede ons nie naby genoeg aan ons Here Jesus Christus leef nie.

En dit bring ons by die derde baken waar ons vanoggend by stilhou.

GOD SE VERGIFNIS TEENOOR ONS IS DIE MAATSTAF VIR ONS VERGIFNIS AAN ANDERE

Die Bybel is helder en duidelik hieroor. Ons moet vergewe want ons, is vergewe. Maar God se liefde kan nie 'n vergifnislose harde hart binnedring nie. As ons weier om God se vergifnis in ons lewens in te laat, gaan ons bitter moeilik dit wat ons ontvang het aan ander mense uitdeel. Maar wanneer jy die Here nader as jou klere in jou lewe beleef, kan jy nie anders as om te vergewe nie. Dan word daardie bese engel uitgetrek en jy laat mense vry in God se genade.

WAAR IS JY IN VANDAG SE STORIE?

Hoe reageer jy op Jesus se versoek? Ek hoop en bid dat ons almal by die voet van die kruis staan. Elke keer wanneer ons daar staan word ons aan twee waarhede herinner:

Ons word herinner aan die noodsaaklikheid van vergifnis en,

Ons word herinner dat ons alreeds vergewe is.

Het jy 'n gees van vergifnis?

AMEN